WEEK EEN & TWEE: HOOF SHAWL – BEGIN & MIDDEL

Omdat die patroon steek 'n herhaalde patroon is, het ons besluit om met die grootste deel van die shawl weg te spring, MAAR gee TWEE weke vir die taak!

Wat beteken dit vir jou?

Jy ontvang **EEN stel instruksies** hier in Week Een, maar jy gaan **TWEE weke** hê om die taak te voltooi. Daar sal **NIE** enige addisionele werk bykom vir Week Twee nie. Jy gaan net aan en voltooi wat in Week Een deur gegee is.

So, laat ons begin!

Ek kan raai teen hierdie tyd, het jy reeds jou garing in die hand het. Jy het dit verseker al meer GEHANTEER as wat jy regtig sal wil erken. Wel, die wag is verby en ons is REG OM TE BEGIN!

Maak al jou pragtige hekelgoedjies bymekaar met die hekelpen wat jy vasgestel het JY gaan nodig hê om die spanning te ewenaar. Laat ons net vinnig die materiaal hersien, om jou 'n tweede kans te gee om spanning na te gaan as jy dit met die eerste rondte gemis het!

As jy die "Inligting/Benodigdhede/Spanning" gemis het, kan jy dit hier vind: **INSERT LINK HERE**

Hier is elke vertaling beskikbaar: (DANKIE VERTALERS!)

INSERT LINKS HERE

Kry jou hekel vingers gereed, hier gaan ons!

<u>MATERIAAL:</u>

- Grootte G (4.0mm) hekelpen OF DIE GROOTTE WAT JY NODIG HET OM DIE SPANNING TE EWENAAR

***Nota: Hierdie garing word losweg gewerk.** Ek sal STERK aanbeveel jy gebruik 'n goeie kwaliteit hekelpen soos 'n Clover Amour (wat jy in my fotos sal sien). Die metaal afwerking is SO glad en sal die aard van die garing om te verdeel en grootliks te verminder en elimineer sleep terwyl jy werk. Vertrou my, die Clover Amour het my hekel gewoontes verander, en ek maak nie grappies nie!

- skêr, tapeserie naald

- Roesvrye metaal spelde vir blokwerk

- Spons matte of 'n ander oppervlak paslik om op vas te steek vir blokwerk (Ek gebruik pasbare skuim legkaart matte wat ontwerp is vir kinders, ek het 'n oppervlak van 6-voet x 6 voet gekry vir onder $25!)

-1660 yards/treë 4-draad garing ("FINGERING" weight)

GETOON: (2) 200g/7oz balle Wolltraum 4-draad garing – 50% akriel 50% katoen KLEUR: Ice Cream

Koop by www.wolltraum.com, hier is besonderhede:

1. Ek het verkies om van die middel van die wol koek af te werk (die term wat gebruik word om die garing op te rol, die wyse waarin dit by jou arriveer.) Jy sal die opsie hê met watter kleur in die middel van die bal vir die eerste kleur keuse beskikbaar vir die kleur volgorde wat jy eerste gaan werk. Ek het my een bal in die een rigting en die tweede bal in die teenoorgestelde rigting bestel. Vir hierdie rede kan ek heelpad van die middel van my bal werk soos ek verkies. Nie ‘n groot probleem nie, net ietsie kleins om jou dag te verbeter ☺

2. Wil jy stop en vir ‘n oomblik die klein charms bekyk wat saam met elke koek kom?! Ek het ‘n 4 blaar clover en ‘n klein dogtertjie gekry. Elke bal het een en dit is aan die middel punt van die garing vas om dit makliker te maak om te vind as jy begin! Wat kan jy doen met die klein versiering? Sit dit aan ‘n charm armband, glip dit oor ‘n hoepel oorring as versiering, sit dit aan ‘n “kreef klamp” juweliersware knip en SIEDAAR! jy het ‘n steek merker!

Reg, laat ons die besonderhede nagaan:

GROOTTE:

Hierdie is ‘n een grootte. Pas meeste tot op 2XL kledingstuk, dit is baie drapperend en los passend.

Die shawl is identies vir al die groottes met een verskil: Die afstand oor die rug tussen die arm holtes openinge. Sodra ons hierdie punt bereik in die patroon, gaan jy moet kies:

MISSES: Pas XS- L

PLUS: Pas XL – 2X

Klaar gemaakte Afmeting:

Die hoof gedeelte van die wrap is ongeveer 21” x 66” na dit geblok is, dit is al die blom toevoegings uitgesluit.

SPANNING: (Indien jy dit voorheen gemis het!)

Hier is die ding met die spanning toets. Ek verstaan dit HEEL TE MAL dat niemand daarvan hou om dit te doen nie. MAAR vertrou my, selfs in my toets groep het ons gewoonlik ‘n verskil van 2-3 hekelpen groottes. Ons is almal verskillend en dis wonderlik, maar as jy nie die aanpassing maak om my spanning te ewenaar nie, GAAN jy uit garing/wol uit hardloop, en jou kleurveranderings gaan nie dieselfde wees as myne nie. Hierdie is ‘n pragtige luukse gare/wol, as jy dit gaan koop en kosbare tyd gaan spandeer met my (DANKIE DAT JY DIT GAAN DOEN!) maak asseblief seker dat jou spanning dieselfde as myne is sodat jou ongelooflike handwerk presies is soos jy hoop dit gaan wees <3 ☺

Hier is hoeveel gare/wol jy gaan oorhê van die hoof shawl deel, so as jou spanning af is gaan jy uit garing uit hardloop en gaan jy hartseer wees!

Toets Patroon vir Spanning Toets: (Doelwit is: 2.5” lank x 3.75” wyd)

Hierdie is slegs vir ‘n toets. Sodra jy die regte hekelpen grootte vasgestel het om my spanning te ewenaar, gaan jy die toetslappie moet lostrek en jou projek begin met die garing/wol.

Met die G (4mm) hekelpen en die garing/wol wat jy beplan om te gebruik vir die projek, maak 20 ks:

Ry 1: lb in die 3de ks van die hekelpen (oorgeslaande kettingsteke tel as ‘n lb) en elke oorblywende kettingsteek tot aan die einde. (19)

Ry 2-6: ks 2 (tel as die 1ste lb), draai om, lb in elke oorblywende lb tot aan einde. (19)



AS JY MINDER STEKE in die afmeting het: Jou spanning is LOSSER as myne, kies die volgende KLEINER hekelpen grootte en probeer weer.

AS JY MEER STEKE in die afmeting het: Jou spanning is STYWER as myne, kies dan die volgende GROTER hekelpen as myne en probeer weer.

Sodra jy die korrekte hekelpen grootte vasgestel het en ons spanning is dieselfde: trek die toetslappie los, klop jouself op die rug, en begin die shawl!

ONTWERP OORSIG:

Eerstens, ons wil die hoof deel van die wrap maak deur die "lattice look" steek. Dit sal gemaak word in die lengte van die onderkant na die bokant. By 'n vooraf bepaalde punt, gaan ons die werk deel om die arm holtes te maak, en dan weer saam werk om dit af te eindig. Dan gaan ons die Irish hekelkuns geinspireerde versierings maak en daarop vassteek.

INSTRUKSIES:

Vat 'n oomblik hier om te besluit hoe jy jou kleure op jou werk wil laat werk. As 'n voorbeeld, ek het 4 kleure in my bal: wit, vanilla, aarbei, en grys. (YUM! Geen wonder die naam is ICE CREAM nie!) Ek het

gekies om die GRYS AAN DIE BOONSTE rand van my shawl en die WIT AAN DIE ONDERSTE rand van my shawl. Daarom gaan ek met die WIT punt van my garing begin en dit gaan die onderste rand van my voltooide shawl wees. Die grys, die laaste kleur wat ek gaan gebruik, sal aan die bokant opeindig. Kies watter kleur jy aan die onderkant van die shawl wil hê en BEGIN MET DAARDIE KLEUR. Verwys na die prent onder vir verdere verduideliking:



PATROON BEGIN:

MAAK JY KETTINGSTEKE BAIE STYF?!?! Dit is baie belangrik dat jy nie so styf werk met jou kettingstekedat jy die rekbaarheid van jou materiaal bind nie. As jy geneig is om aan die stywe kant te werk met jou kettingsteke, **GAAN EEN HEKELPEN GROOTTE OP** van wat jy gaan gebruik om die spanning te ewenaar vir die BEGIN KETTINGSTEKE ALLEENLIK. Ruil dan terug na die regte hekelpen grootte. Wees bedag daarop dat jy nie te stywe kettingsteke regdeur die projek maak nie.

WENK: Plaas ‘n steek merker, bobby pin, of afval stukkie garing elke 25 kettingsteke soos jy werk. Op hierdie wyse kan jy, as jy telling verloor, maklik terug gaan tot by jou laaste gemerkte punt in plaas van oor begin! ‘n Lang ry kettingsteke kan oorweldigend wees, veral as jy ‘n menigte van klein mensies wat al om jou hardloop, soos ek het!

Steek Sleutel:

ks(e): kettingsteek(e)

so: slaan oor

lb: langbeen

sp(s): spasie(s)

vlg: volgende

st(e): steek(e)

kb: kortbeen

Sodra ons die patroon vasgestel het, gaan die oor en oor herhaal om die steek patroon van die shawl te vorm.

Steek tellings sal in die "Kettingsteek spasies" en "driehoek punte" (die punt aan die bokant van elke driehoek soos jy werk) gegee word.

WENK: Wanneer jy by die eerste kleur verandering in die garing bal kom, gaan jy 'n klein knoop kry waar die nuwe kleur vasgeknoop is. Dit is die vervaardigings proses wat gebruik word om hierdie pragtige garing te maak. ☺ Sny die knoop uit die garing en heg soos jy normaalweg 'n nuwe bol garing sou heg.

Met die kleur wat jy aan die onderkant van jou hoof shawl stuk wil hê, **maak 279 ks**:

Ry 1: Lb in die 9de ks van die pen (tel as al die steke aan die bokant & onderkant vir die 1ste spasie), *2 ks, so 2 ks, lb in vlg ks, herhaal tot einde. (91 2-ks sps)

Ry 2: 1 ks, draai om, kb in dieselfde st, 2 ks, kb in vlg lb, * 11 ks, so vlg (2-ks, lb, 2-ks), kb in vlg lb, 2 ks, so die vlg 2-ks, kb in die vlg lb, herhaal van * regdeur tot jy 3 spasies oor het, (2) 2-ks spasies en die een gevorm deur die 9-ks van die vorige ry, 11 ks, so die vlg (2-ks, lb, 2-ks) en kb in die vlg lb, 2 ks, kb in 5de ks van beg 9-ks. (30 11-ks lusse)

Die foto onder wys die einde van die ry waar jy in die 5de ks van die 9-ks werk. Dit wys ook die 11-ks lusse, elk verdeel deur 'n 2-ks lus.



Ry 3: 1 ks, draai om, kb in dieselfde st, so 2-ks & kb, lb in die 1ste 5 ks van die 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in laaste 5 ks van dieselfde 11-ks lus, kb in die vlg 2-ks sp, *lb in die 1ste 5 ks van die vlg 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in laaste 5 ks van dieselfde 11-ks lus, kb in die vlg 2-ks sp, herhaal van *, tot jy een 11-ks lus oor het, lb in 1ste 5 ks van die 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 ks van die 11-ks lus, so die laaste 2-ks, kb in laaste kb van die ry. (30 driehoek punte gevorm)

WENK: Die 1ste ks van elke 11-ks groep trek styf soos jy werk, maak seker dat jy wel in die 1ste ks van elke 11-ks lus werk en dit nie oorslaan nie.

Die foto onder wys hoe jou werk gaan lyk nadat Ry 3 voltooi is:

Ry 4: 13 ks, draai om, kb in die 1ste 2-ks spasie (by die punt van die driehoek), 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp by die punt van dieselfde driehoek, *11 ks, kb in 1ste 2-ks sp op die vlg driehoek punt, 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp op die dieselfde driehoek, herhaal van * tot net voor die laaste lus gewerk gaan word, 11 ks, kb in vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in vlg 2-ks sp, 5 ks, vyfvoudige steek (*sien onder vir metode), in laaste kb.

Vyfvoudige Steek: Draad oor SES keer, druk pen in aangeduide steek, draad oor en trek ‘n lus op, (draad oor en trek deur twee lusse) herhaal hierdie hakkies ‘n total van 7 keer, steek voltooid.

WENK: Ek het ‘n fantastiese truuk geleer terwyl ek aan die Mandala Madness CAL van Helen Shrimpton gewerk het, om te help om die groot gaping wat ontstaan aan die bokant van baie lang steke soos hierdie uitskakel. Soos jy die draad rondom die hekelpen draai (SES keer vir die een) , ROL JOU HEKELPEN afwaards in dieselfde tyd as wat jy draai. Daardie 5-ks wat jy pas gewerk het gaan omsirkel word terwyl jy draai. Wanneer jy die lusse van jou hekelpen afwerk, gaan die afrol tegniek die groot gaping aan die bokant uitskakel! WOW. Een van my gunsteling goed wat ek onlangs geleer het! Kyk in die foto onder, daar is geen gaping?!



Ry 5: 1 ks, draai om, kb in dieselfde st, lb in vlg 5 ks, kb in vlg 2-ks sp, *lb in 1ste 5 ks van die vlg 11-ks lus (onthou dat jy nie die 1ste ks mis wat toetrek nie), 2 ks, lb vlg ks, 2 ks, lb laaste 5 ks van dieselfde 11-ks lus, kb in vlg 2-ks spasie, herhaal van * tot net voor laaste 11-ks lus gewerk word, lb in 1ste 5 ks, 2 ks, lb in die vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 ks van dieselfde 11-ks lus, kb in die vlg 2-ks sp, lb in die vlg 5 ks van die beg 13-ks lus van die vorige ry, kb in vlg ks, laat oorblywende ks ongewerk.

Die foto onder wys hoe jou werk gaan lyk na die einde van Ry 5.



Ry 6: 1 ks, draai om, kb in dieselfde st, *11 ks, kb in vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in vlg 2-ks sp, herhaal tot net voor die laaste vol driehoek, 11 ks, kb in die vlg 2-ks sp, 2 ks, kb in die vlg 2-ks sp, 11 ks, kb in laaste kb by einde.



Ry 7: 1 ks, draai om, kb in dieselfde st, * lb in die 1ste 5 ks van die vlg 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in laaste 5 ks van dieselfde 11-ks lus, kb in die vlg 2-ks sp, herhaal van *, tot jy een 11-ks lus oor het, lb in 1ste 5 ks van die 11-ks lus, 2 ks, lb in vlg ks, 2 ks, lb in die laaste 5 ks van dieselfde 11-ks lus, kb in laaste kb van die ry.

Ry 8-23: Herhaal Rye 4-7, nog VIER keer.

Ry 24: Herhaal Ry 20, eindig af.

****ONTHOU:** Daar sal **NIE** enige addisionele instruksies gedurende week twee van die CAL nie. Jy moet net die taak in hierdie stuk voltooi!!****

Sit jou hekelpen neer! Moenie nou al bekommerd raak oor blokwerk nie, ons sal dit in Deel 3 doen!

So, hoe mooi is dit so ver? Ek hoop jy hou daarvan en dat die patroon herhaling begin vorm aanneem en sinmaak in jou gedagtes.

Sien jou volgende week vir ‘n motiverings praatjie, maar GEEN NUWE INLIGTING in **Week 2, maak net die taak klaar wat in hierdie stuk gegee is!**

Baie Liefde & Garing,

Stephanie

Follow on Facebook Here!

Follow on Instagram Here!

Follow on Ravelry Here!

Follow on Pinterest Here!

Follow on YouTube Here!

Follow on Twitter Here!

Follow on Etsy Here!

Die inligting en fotos in hierdie publikasie is die uitsluitlike kopiereg eiendom van Crochetverse©2016. Moet asseblief nie enige inligting hierin kopieër en versprei op enige manier elektronies, verbaal, of geskrewe in dele of in in geheel nie. Deel eerder slegs die DIREKTE SKAKEL na hierdie publikasie, en as jy dit deel, sê ek dankie dat jy dit deel. Jy mag natuurlik enige iets wat jy van die patroon af met jou eie twee hande gemaak het verkoop, geen kontrak arbeid of massa produksie word toegelaat nie. As jy erkening gee aan Crochetverse as die ontwerper word dit hoog op prys gestel!